**Vrydag 9 September**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:33-40**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:36-40**

## Waar God se wil en ons wil saamloop

Psalm 119 is 'n passievolle besinning oor die wil van God soos wat Hy dit geopenbaar het.

In Johannes 15 praat Jesus van die wingerdstok en die lote en die lewende verbintenis tussen die lote en die wingerdstok met die sap wat die lote ontvang en die vrugte wat die lote uit daardie verbintenis voortbring onder die wakende oog van die landbouer.

Psalm 119 plaas ons midde-in dáárdie dinamiek! Omdat dit Pinkster was, is dit nie wensdenkery nie, maar 'n lewende werklikheid vir elke gelowige. As die digter van Psalm 119 kon hoor wat ons vandag onder die leiding van die Gees oor die nuwe lewe in Christus kan jubel, sou hy waarskynlik daarvan sê: *Dit* is waarvan hierdie Psalm praat! Is dit dan nog snaaks dat hierdie Psalm so lank is, en die langste van alle Psalms is?

In die gelese gedeelte wat Totius in strofes 11 en 12 berym het, gaan dit oor die innige harmonie waar die wil van God en ons menslike hart en denke saamloop.

Die fokus in verse 36 en 37 is op die keuse tussen aardse goed en dit wat God wil, en die hulp wat die Here in hierdie verband gee. Dit laat 'n mens ook dink aan die duidelike keuse waartoe die Here Jesus ons in Matteus 6:19-21 oproep.

Verse 38-40 laat ons sien hoe God se Woord prakties deel is van ons geestelike wapenrusting en inderdaad die swaard van die Gees is, soos Efesiërs 6:18 sê.

*Sing: Psalm 119:11, 12 (1936)*

*Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)*